# DIE ONAFHANKLIKE VERKIESINGSKOMMISSIE



Regter Johann Kriegler
(Voorsitter)



Advokaat Dikgang Moseneke SC
(Ondervoorsitter)



Dr. Helen Suzman



Eerw. Frank Chikane



Mev. Dawn Mokhobo



Dr. Oscar Dhlomo



Advokaat Z Yacoob SC



Mnr. Charles Nupen

## "Ons is onafhanklik."

Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (IEC) is nie in diens van enige party, organisasie of gesag nie. Dit is slegs in diens van jou, die kieser.

Die 16 lede van die Kommissie is vooraanstaande mans en vroue wat op grond van hul ondervinding en integriteit gekies is.

Die Voorsitter van die Kommissie is Regter Johann Kriegler van die Appèl-afdeling van die Hooggeregshof. Regter Kriegler is bekend vir sy beskerming van menseregte.

Die Kommissie verteenwoordig nie net die volledige Suid-Afrikaanse samelewing nie, maar sluit ook vyf internasionale lede in wie se neutraliteit en kennis bydra om die Kommissie se vermoëns en toegewydheid aan demokrasie te rugsteun.

Die Kommissie is 'n produk van die veelparty-onderhandelingsproses en is deur die onderhandelaars aangestel. Met die oog op die beplanning en monitering van die verkiesingsveldtog en stemproses is dit gesag oor die Regering, ander oorgangsowerhede en politieke partye toegeken. En dit is toegewyd aan volkome onpartydigheid in die uitvoering van hierdie gesag.

Die onafhanklikheid van die Onafhanklike Verkiesingskommissie en sy omvattende magte stel jou, die kieser, in staat om op 27 en 28 April jou reg uit te oefen om in die geheim en met vertroue te stem.



Mnr. Ben van der Ross



Mev. Rosil Jager



Mnr. Johan Heyns



Mev. Gay McDougall* (VSA)

## "Ons het 'n duidelike missie."

Die statutêre taak van die Onafhanklike Verkiesingskommissie is om die land se eerste algemene verkiesing waarin alle stemgeregtigde burgers kan stem, te beplan en te monitor. Om alles suksesvol te laat verloop.

Dit is die verantwoordelikheid van die Kommissielede om te besluit of alle aspekte van die verkiesing behoorlik vry en regverdig geskied het en om die verkiesingsuitslag aan die hand hiervan geldig te verklaar.

Die Kommissielede is daaraan toegewyd om die reg van elke kieser te beskerm om in die geheim te kan stem, sonder enige belemmering of die vrees van intimidasie, en hulle beskik oor spesiale regsmag om dit af te dwing.

Die Onafhanklike Verkiesingskommissie sal elke stap van die verkiesingsproses monitor, insluitende kiesersopvoeding, die aktiwiteite en verklarings van politieke partye en die stemproses.

Die Onafhanklike Verkiesingskommissie sal die stemproses op die stemdae, 27 en 28 April, monitor om te verhoed dat onreëlmatighede voorkom en om te verseker dat kiesbeamptes hul verantwoordelikhede teenoor die kiesers nakom.

Die Onafhanklike Verkiesingskommissie sal self deurgaans deur nasionale en internasionale instansies gemonitor word, om die onafhanklikheid daarvan te waarborg en sy neutraliteit te verseker.

Die Onafhanklike Verkiesingskommissie is daaraan toegewyd om jou te help om jou demokratiese regte in die maande wat voorlê vrylik uit te oefen en om op 27 en 28 April jou eie, geheime keuse te kan maak.



Mnr. Ronald Gould*
(Kanada)



Mnr. Amare Teckle*
(Eritrea)



Prof. Walter Kamba*
(Zimbabwe)



Dr. Jorgen Elklit*
(Denemarke)

## "Ons plaas jou, die kieser, eerste."

Hierdie verkiesing is joune. Jy het die reg, saam met alle Suid-Afrikaanse burgers en permanente inwoners bo die ouderdom van 18 jaar, om die kragtigste wapen in die demokratiese arsenaal te benut. Jou stem.

Die Onafhanklike Verkiesingskommissie is nie direk vir die wet en orde verantwoordelik nie. Dit sal nogtans die magte tot sy beskikking inspan om te verseker dat jy jou regte volledig kan uitoefen.

Jy het die reg om:

- die standpunte van alle partye te hoor;
- jou eie keuse te maak;
- sonder die vrees van inmenging te stem.

Die Onafhanklike Verkiesingskommissie sal sy mandaat toepas en sy omvattende regsmag gebruik om hierdie regte te beskerm.

Die Lede van die Kommissie sal jou die nodige bystand en inligting bied oor waar en hoe om op 27 en 28 April te stem. Die pers, radio en televisie sal die belangrike boodskappe van die Onafhanklike Verkiesingskommissie oordra.

* Internasionale lid

**DIE ONAFHANKLIKE VERKIESINGSKOMMISSIE**

'N VRYE EN REGVERDIGE VERKIESING VIR ALMAL